



191. T. 6(5)

Verw./Ref. No.

NATIONALE ONDERWYSRAAD  
NATIONAL EDUCATION COUNCIL

Telegramme | "Adviesraad"  
Telegrams |  
Telefoon | 3-3114  
Telephone | 3-3117

Privaatsak | 293.  
Private Bag |  
PRETORIA.

KONGRES VAN DIE S.A. VERENIGING VIR TEGNIESE EN BEROEPSONDERWYS

TEMA (DEUR VERENIGING GESTEL):

DIE TOEKOMS VAN S.A. HANG VAN DIE ONDERWYS AF - MET KLEM OP DIE

ALGEMENE ONDERWYS

(Bloemfontein, 6 April 1971, 8 nm.)

(Dank en waardering aan die Vereniging vir Tegniese en Beroepsonderwys)

1. ALGEMEEN

Oor die onderwerp.

Belangrik -- Kan n mens daarvan verskil?

Ons kon ook sê toekoms van Suid-Afrika hang van huisgesin af, of Christelike Kerk. En daar sou baie waarheid in steek.

In werklikheid hang toekoms van al hierdie groot faktore af; moet gesond wees; as één faal, onderwys of huisgesin of kerk, gaan ons n donker toekoms tegemoet.

Dus het ons rede om te sê: Toekoms van Suid-Afrika hang van onderwys af.

II. AARD VAN DIE ONDERWYS

Ontwikkel die intellek.

Versterk die gees.

Bou die karakter.

Ontwikkel en bou die hele mens.

Magtige middel in hand van die Staat om burger<sup>x</sup> op te voed  
(Vgl. ook Calvyn).

Vernaamste middel om burger vir diens van Staat te vorm.

Ons besef dit: Onderwys verpligtend - skoolplig neergelê.

Onderwys geskied op verskillende vlakke: pre-primêr, primêr,  
sekondêr, tersiêr, maar fundamenteel bly die aard en doel  
dieselfde.

Veral vir S.A. belangrik - moeilike probleme; nugtere, verstandige  
keuses en beslissinge, deur leiers en gewone man - elkeen,  
elke dag.

Rol van ontwikkelde verstand en gebalanseerde gees hierby - soos  
veer in uurwerk, of elektriese krag in lig of masjien.

Dit is aard van onderwys in algemeen. Dis 'n ruime, groot veld:  
doelstellings, metodes, prosedures ens. Ons kan nie op  
besonderhede ingaan nie. Ons let slegs op twee besondere  
punte wat van die allergrootste betekenis in die onderwys=  
proses is: die subjek-objek relasie, en die normatiewe uit=  
gangspunt. Hulle is nie slegs van die allergrootste betekenis  
nie; hulle staan ook in die allernouste verband met mekaar.

### III SUBJEK-OBJEK RELASIE

Wat ons hieronder verstaan.

Relasie, 'n verhouding, veral tussen mense, 'n verhouding van mens  
tot mens, veral in die onderwys van belang.

Die subjek in die onderwys: die onderwyser, die dosent, die  
instrukteur, die demonstrateur. Die onderwys, die onderrig,  
die karaktervorming gaan van hom uit.

Die objek in die onderwys: die opvoedeling, die leerling, die  
student. Hy word gelei, opgevoed, onderrig. Hy ondergaan  
die invloed.

Dis duidelik: hierdie relasie moet gesond, vrugbaar en harmonies  
wees.

Dit hang in die eerste instansie van hierdie relasie in die onderwys=  
situasie af of die onderwys suksesvol sal wees.

Ons moet onthou die leerling, die student bly nie altyd bloot  
objek nie. Hy word op sy beurt subjek: subjek teenoor sy  
leerstof, sy vriende, sy handeling. Tussen hom en dié dinge  
ontstaan weer die subjek-objek relasie, en so gaan die proses  
voort.

Fundamenteel is egter die subjek-objek relasie van leermeester tot  
leerling. As dit gesond is, as dit positiewe, dinamiese  
kommunikasie meebring, sal die onderwys suksesvol wees. En  
dit geld by alle vorme, of vlakke, van onderwys.

#### IV NORMATIEWE UITGANGSPUNT

Daar is in die onderwys verskillende opvoedingsfilosofieë, bv.  
die naturalistiese, die idealistiese, die pragmatiese, die  
fenomenologiese ens. Elkeen het sy eie doelstellings.

By enige opvoedingsfilosofie is die uitgangspunt hoofsaak:  
Wat wil ons, en hoe wil ons dit bereik?

Dit is hier waar die normatiewe uitgangspunt van soveel belang  
is.

Ons veronderstel dat die subjek-objek relasie reg en gesond is.  
Wat dan wil die subjek (die leermeester) bereik ten aansien  
van die objek (die leerling)? Hy wil miskien net analities  
optree, of net beskrywend, of net krities. (Kortliks wat  
elkeen beteken). Al hierdie uitgangspunte is van belang.

Maar in die onderwys moet ons bowenal normatief wees. Ons kan  
analities wees (ontleed, sê hoe dinge - konkreet en geestelik -  
met mekaar in verband staan), of beskrywend (beskryf hoe dinge -  
konkreet en geestelik - is), of krities (kritiseer, aantoon waar  
swakhede lê). Maar dit is nie genoeg nie.

Ons moet ook norme hê, norme wat ons vir ons samelewing as reg en  
goed beskou, ons moet die norme aanlê: ons moet ook sê hoe  
dinge behoort te wees.

As ons dit doen, voed ons ons jongmense positief op; ons voed hulle nie in 'n lugleegte op nie; ons voed hulle op om vir ons volk, vir ons land en al sy mense iets positiefs, iets goeds te beteken. En waar ons daardie norme ontleen aan die Christendom en die Westerse beskawing, soos ons dit ken en voorstaan, voed ons dan ons jongmense ooreenkomstig die eise van die Christendom en die Westerse beskawing op.

'n Vrugbare subjek-objek relasie, saam met 'n gesonde normatiewe uitgangspunt, is in ons onderwys onontbeerlik.

Laat ons hieroor nadink.

Hiervan hang die sukses van ons onderwys af; en van die sukses van ons onderwys hang die toekoms van Suid-Afrika af. As ons dit sê dink ons aan blank sowel as nie-blank.

## V BLANK EN NIE-BLANK

Ons moet ook aan die nie-blankes dink, want soos daar op alle vlakke voorsiening gemaak word vir die onderwys van die blankes, so word daar ook voorsiening gemaak vir die nie-blankes. En in die onderwys van die nie-blankes geld dieselfde groot opvoedkundige beginsels wat in die onderwys van blankes geld.

Sê ons dus dat die toekoms van Suid-Afrika van die onderwys afhang, dan bedoel ons van die onderwys van blank en nie-blank.

Laat ons in dié verband op 'n paar statistieke let - opsetlik gee ons nie baie syfers nie, want dit kan ook verwarrend wees.

Die syfers het betrekking op 1969, en is ontleen aan die jongste verslag van die Departement van Statistiek.

In hierdie jaar was daar in die skole van die Republiek die volgende getalle leerlinge:

5/.....

Blankes	-	823,320
Kleurlinge	-	496,842
Asiate	-	161,429
Bantoes		<u>2,157,094</u>
Totaal	-	<u>3,638,685</u>

Van hierdie groot totaal tel Blankes, Kleurlinge en Asiate saam 1,481,591, terwyl die Bantoes 2,157,094 tel. M.a.w. daar was in 1969 in die Republiek 675,503 meer Bantoe kinders op skool as Blankes, Kleurlinge en Asiate saam.

Die belangrikheid van sulke feite moet ons in die onderwys terdeë besef. Die blanke doen oneindig veel om onderwysfasiliteite vir die nie-blanke te skeep, en dit is ook ons plig om dit te doen.

Maar die syfers wys ook daarop: dat die blanke sy fasiliteite vir onderwys na die allerbeste van sy vermoë sal moet gebruik as hy sy verantwoordelikheid in Suid-Afrika na behore wil vervul; en dat die nie-blanke, met name die Bantoe, reeds n faktor van enorme betekenis in ons onderwyspatroon geword het.

## VI SLOT

Die toekoms van S.A. hang van die onderwys af, daarom is dit dwingend noodsaaklik:

- ⌘ Dat ons sal rekening hou met die aard en wese van die onderwys;
- ⌘ Dat ons sal toesien dat gesonde beginsels en prosedures in ons onderwys toegepas sal word; en
- ⌘ Dat dit alles ten aansien van sowel blank as nie-blank sal gebeur.

H.B. THOM

VOORSITTER: NASIONALE ONDERWYSRAAD